+27 28 514 8500
info@swellendam.gov.za
swellenmun
www.swellendam.gov.za
+27 28 514 2694

49 Voortrek Street, Swellendam | P.O Box 20, Swellendam 6740

**VOORGESTELDE VERHURING:**
**OEFENINGSHUIS, 'N GEDEELTE VAN ERF 1, SWELLENDAM**

Kennis geskied hiermee ingevolge die voorskrifte van die Swellendam Munisipaliteit se Grondbeskikkingsbeleid, 2018 en die bepalings van die Bate-Oordrag Regulasies, 2008, Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003) soos gewysig, dat die Raad, in beginsel, goedkeuring verleen het, om die gemelde historiese gebou beskikbaar te stel vir verhuring.

Die Oefeningshuis se huur gaan markverwant bepaal word, en per openbare tenderproses beskikbaar gestel word vir verhuring. Instandhoudings- en herstelwerk gaan vir die nuwe huurder se rekening wees. Onderverdelings- en hersoneringsprosesse word tans deur die Munisipaliteit onderneem.

Beswaar/kommentaar insake die verhuring, moet skriftelik wees en moet die ondergetekende bereik nie later nie as **Maandag, 30 Junie 2025, om 12:00**. Beswaar/kommentaar kan per hand gelewer word by die Munisipale Kantoor, Voortrek Straat 49, Swellendam of ge-epos word aan liezel@swellendam.gov.za.

Laat beswaar/kommentaar sal nie oorweeg word nie. Verdere inligting kan bekom word by mev L. Baransky by 028 514 8500 of e-pos liezel@swellendam.gov.za. Persone wat probleme ondervind om hul kommentaar op skrif te stel, kan die munisipale ontvangspersoneel nader vir ondersteuning.

**A Vorster**
**Munisipale Bestuurder**

*Kennisgewing H3/2025*